

18 April 2010 – Ek wil uitstaan!

Teksgedeelte:

Miga 1

Agtergrond:

Lees die volgende kort storietjie van Jean:

Jean is 'n gewone 11 jarige outjie, hy gaan in die oggende na sy gewone laerskool toe en speel pouses met sy gewone vriende, daarna eet hy sy gewone toebroodjies wat sy ma vir hom ingepak het en gaan na sy gewone wiskundeklas toe. Maar Jean wil nie gewoon wees nie – hy wil uitstaan! Hy wil ook een van daai nuwe touchscreen selfone hê! Hy wil ook nuwe klere kan dra, maar sy klere en sy skoene is maar plain, lyk maar soos sy vriende sin. Die ander kinders wat al hierdie goed het lyk so gelukkig. Hulle is die cool kinders, wat raakgesien word deur ander, die kinders wat VLR word, 1ste span rugby ouens. Maar hy is net plain Jean.

Reviewing:

Diamante:

- As jy 'n nuusleser was, beskryf aan jou gehoor wat gebeur het.

Harte:

- Hoe dink jy voel Jean?
- Het jy al so gevoel? (vertel aan 'n vriend)
- Hoe dink jy voel dit vir die cool kinders om so te presteer?
- Hoe voel mense teenoor ander mense wat healtyd uitstaan?

Skoppens:

- Vertel aan iemand in jou klas van 'n prestasie of sukses wat jy al behaal het.
- Hoor by die persoon met wie jy gepraat het hoë hy/sy gevoel het oor sy/haar prestasie.
- Is dit maklik om healtyd suksesvol te wees en uit te staan? Hoekom?
- As almal dieselfde *brandname* klere dra of selfone het staan hulle regtig uit? Wat maak dat mens uitstaan?

Klawers:

- Watter les moes Samaria en Jerusalem leer oor “uitstaan”?
- Wat het met Samaria en Jerusalem gebeur oor hulle wou uitstaan?
- Wat kan ons as kinders van God doen om uit te staan?